

Donderdag 16 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 6:1-10

Fokusgedeelte: 1 Timoteus 6:1-2

Tree soos broers teenoor mekaar op

Slawe was 'n integrale deel van middel- en hoë klas-huishoudings in Bybelse tye. In sommige gevalle het beide slawe en eienaars hulle tot die Christelike geloof bekeer. Dit het die tradisionele verhouding tussen slaaf en eenaar onder druk geplaas. Sommige slawe het gemeen dat hulle nuutgevonde vryheid in Christus opstand teen aardse gesag regverdig.

In ons teksgedeelte waarsku Paulus Christenslawe om nie opstandig te raak teenoor hulle Christeneienaars deur die samelewingsorde van die dag met ontwrigting omver te werp nie. Christenslawe en –eienaars moet eerder die samelewingsorde van die dag her-vorm deur soos broers teenoor mekaar op te tree.

Die vryheid wat Christus bring, is nie wêrelds van aard nie en stook nie anargie nie, maar deursuur die wêreld deur die beginsels van God se koninkryk uit te leef. Christus het inderdaad God se koninkryk na die aarde laat deurbreek, maar God se nuwe orde sal eers met Christus se finale koms ten volle gevestig word. Intussen leef ons in die spanning tussen die “reeds” en die “nog nie”. God se koninkryk is reeds sigbaar op aarde in die Woord wat gepredik word en die kerk wat getuig, maar die volle realiteit van God se heer-skappy sal eers met die totstandkoming van die nuwe hemel en aarde ten volle gereali-seer word.

Christene moet derhalwe daarteen waak om nie die “nog nie” met die “alreeds” te ver-war en 'n “nuwe hemel” op aarde deur anargie te vestig nie. Ons roeping is om die wêreld rondom ons stelselmatig te hervorm deur ons woorde en daede, voorbeeld en gedrag in na-volging van Christus. 'n Lewe in Christus en soos Christus bring ware bevryding en ware verandering.

Sing: Skrifberyming 1-3:1, 2

Dr. Nico Vorster (Pretoria-Annlin)